

Skriflesing: Markus 2:23-3:6

Kategismus: **Sondag 38**

Sing:Ps. 84:1; Ps. 46:1; Ps. 92:1,7

Markus 2:23-3:6

Mar 2:23 En terwyl Hy op die sabbat deur die gesaaides loop, het sy dissipels al gaande are begin pluk.

Mar 2:24 Toe sê die Fariseërs vir Hom: Kyk, waarom doen hulle op die sabbat wat nie geoorloof is nie?

Mar 2:25 En Hy sê vir hulle: Het julle nooit gelees wat Dawid gedoen het nie—toe hy in die nood was, en hy en die wat by hom was, honger gehad het—

Mar 2:26 hoe hy in die huis van God gegaan het in die tyd van Abjatar, die hoëpriester, en die toonbrode geëet het wat vir niemand behalwe die priesters geoorloof is om te eet nie; en ook aan die wat saam met hom was, gegee het?

Mar 2:27 En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie.

Mar 2:28 Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat.

Mar 3:1 En Hy het weer in die sinagoge gegaan, en dáár was 'n man met 'n verdorde hand.

Mar 3:2 En hulle het Hom in die oog gehou, of Hy hom op die sabbat gesond sou maak, sodat hulle Hom kon aanklae.

Mar 3:3 En Hy sê vir die man met die verdorde hand: Staan op in hul midde.

Mar 3:4 Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly.

Mar 3:5 En nadat Hy hulle rondom met toorn aangekyk het en tegelykertyd bedroef was oor die hardheid van hulle hart, sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een.

Mar 3:6 Toe gaan die Fariseërs uit en hou dadelik raad met die Herodiane teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring.

Sondag 38

Sondag 38

103 Vraag: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensonderrig(skole) in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).

(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42. (c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor:14:16. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.

Skriflesing: Markus 2:23-3:6

Kategismus: **Sondag 38**

Sing:Ps. 84:1; Ps. 46:1; Ps. 92:1,7

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- Hoe baie keer hoor ons 'n geskil oor die

sabbatsgebod... mag dit...mag dit nie.?! Ons lees ook hoe is Jesus verketter, die Fariseërs het geleentheid gesien om hom vas te trek óók waar dit gaan om die dag van die Here (Op. 1:10).

Hoe sou die Seun van die Here nie weet wat die dag van die Here beteken nie? In Hom kan ons, ons geskille stop as ons bereid is om te aanvaar wat die Here met Sondag, sy rusdag bedoel. Dan óók kan ons ons belydenis laat weergalm op die dag wat aan die Here behoort.

Kom ons na die volgende sake rondom die 4de gebod kyk. Waarom Sondag? Wat beteken Sondag? Hoe moet ek Sondag vier?

Waarom Sondag?

Jesus het in die oë van die Fariseërs en Skrifgeleerdes die sabbatsgebod by verskeie geleenthede oortree. Die Here se Wet in die hande van die Fariseërs het rondom die 4de gebod in 'n warboel ontaard. Aag, die belaglikheid waarmee hulle die dag van die Here benader het, het spanning opgebou, het die haat tussen die mense vermeerder en spesifiek die Fariseërs se konflik met Jesus het oor die Sabbat verskerp. Jesus het in die skaduwee van die dood begin lewe oor die Sabbat.

Jesus maak 'n blinde man se oë op die sabbatdag gesond deur 'n bietjie klei op die grond met sy speeksel aan te maak en op die oë te smeer. Die Wet in die hande van die Fariseërs bepaal dat op die Sabbat mag daar nie geknie word nie. Jesus het volgens hulle geknie met die degie van klei wat Hy op die grond aangemaak het. Daaroor is Hy veroordeel as hulle sê.....*die man kom nie van God nie, want Hy hou nie die sabbatdag nie* (Joh. 9).

En in Markus sien ons die spanningslyn oor die Sabbat bereik breekpunt. Jesus en sy dissipels het op 'n sabbatdag kort voor die Paastyd deur gesaaides geloop. Die Wet het bepaal dat 'n mens op 'n sabbatdag deur 'n graanland mag loop as die graan nog enkelhoogte staan. Nou, gedurende die Pase mag 'n mens nie meer op die Sabbat deur die kniehoogte graan stap nie, want jou knieë kon dalk die ryp graan raak en uitslaan en dan is jy besig om te oes. Die feit dat Jesus en sy dissipels net deur daardie graan geloop het, was al vir 'n oortreding. Die dat die dissipels algaande are begin pluk het staan natuurlik in die Fariseërs se oë onvergeeflik.

En waarskynlik op dieselfde Sabbat wag hulle Jesus by die sinagoge in *terwyl hulle Hom dophou om te sien of Hy op die sabbatdag iemand met 'n gebrekklike hand sou gesond maak*. Hoeveel haat spreek uit hulle gesindheid, want hulle het net vroeër die dag gehoor....*Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie*. En steeds lê hulle op die loer om die Seun van die mens wat óók Here is oor die Sabbat vas te trek. Hulle het nie vroeër die dag geluister nie, hulle sou ook nie, want hulle het vandaar uitgegaan en dadelik met die Herodiane 'n komplot teen Jesus gesmee om Hom om die lewe te bring.

Verskriklik is dit as vyande met mekaar bande smee om Jesus, die Seun van God na die kroon te steek. Die Herodiane, die direkte aanhangers van die Herodus-familie het gesoek na

modernisering in teenstelling met die Fariseërs. Van die herstel van 'n nasionale ou-Israel van die Fariseërs wou hulle niks weet nie. Die Herodiane het sekerlik ook nie erg gehad aan die Joodse Sabbat gebooe nie, maar nou staan hulle saam met die Fariseërs as dit gaan om die lewe van Jesus. Die vyand se vyand raak bondgenote om Jesus tereg te stel op die sabbatdag waarop Jesus net die eer van God, sy Vader soek. Politieke magte begin teen Hom mobiliseer.

En Jesus se emosies spoel teen mekaar en ons lees die spanning....*Hy het hulle rondom Hom kwaad aangekyk en was diep bedroef oor hulle verhardheid.* En die gebrekkige hand het gesond geword sonder dat hulle kon sê Jesus het hom gesond gemaak. By die vorige geleentehede in hoofstuk 1 en 2 het Jesus die melaatse man aangeraak en die verlamde man het Hy direk met betrekking tot sy kwaad aangespreek. Die man met die gebrekkige hand moes slegs sy hand uitsteek. Daar is geen sigbare daad van Jesus se kant en woorde wat al minder word, maar die wonders van Jesus bly groot, alhoewel die spanning opbou.

Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie. Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die Sabbat. Die dissipels mag volgens die Here se Woord in Deut.23:25 daardie graan gepluk het. Die Seun van die mens antwoord hulle dan ook uit die Woord van die Here met die voorbeeld van Dawid (1 Sam.21:1-6). Hoeveel te meer mag die Here van die Sabbat daardie man gesond gemaak het, Hy wat die vleesgeworde Woord is. In Hom sou die Sabbat juis sy beslissende finale betekenis kry.

Moet dit dan nie vandag vir ons nog so wees dat die stryd oor die Sabbat in Jesus afgesluit moes word nie? Dat ons by Jesus sal hou as dit gaan om die dag van die Here. Ons belydenis werk dan ook nie uit 'n Ou-Testament perspektief nie. Néé, ons kom met 'n Jesus-perspektief, die finale nuwe einde betekenis wat Jesus aan die Sabbat gegee het. Hy het die ou Sabbat nuut gemaak. Hy het Saterdag Sondag gemaak. Toe Hy aan die kruis waaraan die Fariseërs Hom wou sien hang, gehang het, het hy gesê.....*Dit is volbring.* Ook die 4de gebod het Hy volbring. Heeltemal volbring, want selfs toe Hy dood was, is Hy die Saterdag rustend in die graf en het eers die Sondag opgestaan. So het Hy die 4de gebod volkome nagekom en volbring terwyl Hy nog in die graf was.

Hy het Sondag opgestaan uit die graf. Hoe baie keer het Hy vantevore juis op die 7de dag groot wonders gedoen? Na sy opstanding wat 'n Goddelike wonder is, doen Jesus die groot

wonders op die 1ste dag, die Sondag. Ons lees nie weer van 'n enkele groot wonder op 'n Saterdag nie, maar Sondag.....Daar sit mos seker iets daaragter? Die nuwe lewe waarin Jesus die Sondag opgestaan het, moet ook vanuit Sondag in ons nuwe lewe wek. Jesus het juis die 1ste dag uitgekies om sy Heilige Gees uit te stort. Die kerk moes nou vanuit die Sondag lewe, waarop die Heilige Gees volkome begin werk het.

God se geskrif aan sy kerke oor al die einders van die wêreld soos te boek gestel in Openbaring aan die sewe gemeentes is juis op 'n Sondag bekend gemaak. Johannes het op 'n Sondag daar op die eiland van Patmos gestaan. Openbaring is 'n Sondag geskrif, in besonder omdat die kerk van die Here op die dag van die Here, dié Sondag, moet saamkom. Die Openbaring is bedoel om by die samekoms van die gelowiges gebruik te word. Terwyl die oue Johannes op die eiland Patmos was, *moes Hy juis op die dag van die Here deur die Gees van die Here meegevoer word (Op.1:10).*

Die Saterdag moes nou Sondag word. Die nuwe het nie die oue vervang nie, die Sabbat het nie nou maar verskuif nie. Néé, Jesus staan Sondag in 'n nuwe lewe op dat ons met Hom kan opstaan. Dat ons Sabbat met Hom kan begin. Die nuwe lewe het begin. Die Here het die ou teken van die Sabbat nuwe betekenis gegee.

Dit bring ons in die tweede plek by:

Wat beteken Sondag?

Die ou teken van die Sabbat was die 7de dag waarop God gerus het van al sy werk. Hy het die skepping voltooi. Die Here was verheug oor die aarde wat Hy gemaak het. Die mens moes op die 7de dag met die Here in sy vreugde deel. Psalm 118 sing dit uit..... *Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daarvoor juig en bly wees.....*Die mens het in die vreugde nie belang gestel nie. Deur sy sondeval het die mens homself van God se Sabbat uitgestoot.

In sy genade laat die Here die Sabbatdag voortbestaan. Jesaja 58 vertel van hoe die Sabbat nog steeds vreugde moet wees. *As jy nie op die Sabbat oortree nie, op my heilige dag doen net wat jy wil nie, as jy die Sabbat 'n vreugde noem, as jy die heilige dag van die Here in ere hou, as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie en nie handel dryf nie, sal jy vreugde vind in die Here .* So staan daar in Jesaja. Die ou teken van die Sabbat moet van die nuwe betekenis, die nuwe vreugde in Christus spreek. In Christus sal ons nie op die heilige dag doen net wat ons wil nie. In Christus sal ons die heilige dag van die Here in ere hou, ons sal ons gewone gang laat staan, op Sondag sal ons ons vreugde vind in

Jesus Christus. Ons sal eredienste hou. Jesaja praat maar net die taal van Jesus Christus. *Hy wat Here is óók oor die Sabbat.* Hy alleen wat Saterdag Sondag kon gemaak het.

Eintlik is dit ook so logies, broeder en suster, want Saterdag, die laaste dag van die week verlang vorentoe, want Jesus moes nog kom. Voordat die week verby is, het die Saterdag nog gesê, die week was onvolkome, want Jesus is nie hier nie....dit wys vorentoe. Sondag, die 1ste dag, wys terug. Die volkome werk van Christus is afgehandel. Ons kan in sy krag die nuwe week begin. So moet ons alles verstaan vanuit die vervulling van die werk van Christus. Ons belydenis verstaan dit so.

Sondag is 'n dag van die Here. Hy het die dag geseën, dit moet 'n aangename dag wees. Die vreugdevolle dag moet aan die Here behoort, nie aan die mens nie en hoe die mens graag dinge wil doen nie. 'n Heilige dag aan die Here gewy. Dit is nie 'n dag van die mens nie. Ons bedrywighede mag nie sentraal staan nie, maar **God se wil.** Nie oor wat ons en wat mag ons nie....daaroor gaan dit nie! Ons mors kosbare tyd as ons daaroor redeneer. Sabbats tyd! MAAR wat gebied God in die 4de gebod? 'n Geheel en al positiewe vraag en... geheel en al 'n positiewe belydenis, 'n belydenis vol vreugde, sonder enige negatiewe klank. Weereens wees ook op die Sabbat die tuinier van jou gedagteuin...jou Sabbat tuin. Ons hoor "n antwoord vol van gelaaide werkwoorde.....IN STANDHOU, SAAMKOM, HOOR, GEBRUIK, AANROEP, GEE ens. Op Sondag moet daar hard gewerk word, van "niks-doen" is hier geen sprake nie. Sondagtyd is kosbare werkstyd.....Koningstyd.

Koning, Jesus het die Fariseërs net so geantwoord. By Jesus was daar geen ruimte vir ledigheid nie. Jesus stel aan die Fariseërs 'n dubbele vraag. *Mag 'n mens op die sabbatdag goeddoen of kwaad doen, iemand red of doodmaak.* Daar is geen derde uitweg nie. "Niks-doen" mag daar nie wees nie. So 'n moontlikheid kom nie van God af nie.

Dit laat ons in die laaste plek kyk na:

Hoe moet ek Sondag vier?

God se rus in Genesis beteken Hy onderhou en regeer wat Hy klaar geskep het. Dit is die wyse waarop die Here die sabbatdag seën, ons moet die dag heilig hou. Ons belydenis laat hoor die lied van heilige arbeid, hoe die dag van die Here moet glinster. Kerke en teologiese skole moet onderhou word – as die kerke en skole staan, dan kan die gemeentes van God altyd saamkom. Daar kan deel dienste gehou word. Dan kan hulle die swaarste werk doen wat daar seker is. Dit is om te luister....om die Woord van God te hoor. Die Woord word

sigbaar, tasbaar deur God se sakramente. Ons kan opstaan in sang en gebed om die Here openlik aan te roep. Ek kan my hand vir die Here oopmaak om die Christelike liefdes gawes te gee. En dan is Sondag nie verby nie, broeder en suster, Sondag het maar begin. My hand wat oopgegaan het om die christelike liefde gawes te gee, moet my in liefde laat vra... Here wat wil u hê moet ek verder doen? Die swaarste van al die gebooie nl. liefde sal dan verder praat. In liefde, in vreugde sal ons opstaan in kontak met die opgestane Christus.

As ons met die dinge op die rusdag besig is, dan sal ek **“elke dag van my bese werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk.”** Die Sondag het geen doel daarin self nie. Sondag laat my uitreik na my naaste, omdat Christus Hom na my uitgereik het. Dié dag is dan ook die middel wat my na die ander dae laat uitreik. Die dag is nie ’n eendag vlinder nie. Ons het met die 4de gebod met elke dag te make. Sondag kan nie meer geskend word nie, as juis in die week. Wanneer ons nie rus van ons sonde nie (Hebr.4). Maandae tot Saterdag moet daaglikse eredienste wees waarvoor Sondag se erediens my wil toerus en voorberei. Ons hele lewe moet erediens wees. Sondag moet ons bekwaam maak daarvoor. Die Sondag uitsig moet vir ons die lewe laat raaksien waarin ons die res van die week moet lewe. Dan werk die Here deur sy Gees in my.

Dan is daar Sondag nie meer tyd vir die gewone gang van elke dag nie. Daar is nie meer tyd vir die allerhande splinterige Sondag vragies nie. As ons **“met die ewige Sabbat reeds in hierdie lewe begin”** dan is die week my verbond met God soos God Hom Sondag weer aan my verbind het. God se verbond werk in sy twee dele....van die Here se kant, van ons kant.

So is die Sabbat bedoel as ’n verbondsteken. Die teken van die verhouding tussen God en sy volk. As daar fout met ’n mens se verhouding tot God is, dan word dit baie gou duidelik in die wyse waarop die rusdag onderhou word. Hoe ek Sondag vier?

Op pawiljoene, dalk uitgestal voor die T.V., solank daar net sport op is. In die kerk kan ons ook pawiljoen sitters wees. Mense kan in die kerk soveel planne maak om los te kom van die werk waarvan Sondag 38 praat, meer as wat enige rugbyspeler op die veld planne het. Ons moenie mekaar vinger wil wys nie, elkeen moet na homself kyk in sy verhouding tot God. Leef ek die ewige Sabbat reeds in hierdie lewe of staan dit maar vir my in ’n belydenisskrif. Ek het daar niks aan nie. Dan werk die belydenis agteruit. Die Gees van die

Here werk dan nie in my nie. Ek sal nie rus van my bouse werke nie. Wat nog te sê om die eerste deel aan ons belydenis na te kom, of enige verlange daarna te hê.

Alles gaan dan agteruit! Miskenning van die Sabbat word as een van die redes aangedui waarom Jerusalem verwoes is en die volk in ballingskap weggevoer is (Neh.13:16). Moet ons agteruitgang in die land ons dan nog verbaas as ons maar net Sondae kyk wat aangaan? Vandag word weer Argus gery, asof dit werklik nou vandag moet wees!

Die Meester van die Sabbat, Jesus Christus verlang daarna om ons innerlike rus en vrede te gee. Sabbatsrus.....sabbatsvrede. Dit waarna ons so soek vandag in die land. Vandag moet u vir my sê....God soek my, Hy nooi my uit. Sy feeste is nie eentonig nie. Sy feesprogram is nou aan die gang. Ek kan in sy diens rus en vrede kry.

Rus my siel, want Christus het gearbei. Rus my siel, want God is Koning. As vandag vir u 'n vreugde was, dan is u vreugde in die Here. U kan u verlustig in alles wat die Here vir u aanbied op die unieke dag. Onthou die ewige Sabbat begin nie bo nie, maar hieronder, by ons....Al het ons nog moeite om ons harte opwaarts na die hemel te verhef staan Jesaja 66 al in die nuwe lewe, soos wat ons nou al reeds die ewige Sabbat in hierdie lewe kan begin. *Elke nuwemaan fees en elke Sabbat sal al wat leef voor My in aanbidding kom buig, sê die Here.* Alles sal dan eintlik Sabbat wees, want die hele lewe sal dan net aanbidding wees. (VITA EST ADORATIO)

AMEN